Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Nobanele Patience Funani**
Direktoraat: Strategiese Mensbestuur
Nobanele.Funani@westerncape.gov.za | 021 467 2243

Lêerno.: 3/3/2/4/4/1
Verwysing: 20240904-6499

Strategiese Mensbestuursminuut: 0011/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Prinsipale

**Onderwerp: Ooreenkoms oor die proses vir die Erkenning van Verbeterde Kwalifikasies (EVK) vir werknemers wat ingevolge die Staatsdienswet aangestel is**

1. Strategiese Mensbestuursminuut 0007/2019, gedateer 29 Julie 2019, verwys.

2. Ondersteuning vir studies wat op die verbetering van kwalifikasies gerig is, is gefokus op alle werknemers van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) wat ingevolge die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994) aangestel is. Dit sluit ook daardie werknemers in wat onder 'n Beroepspesifieke Bedeling (BSB) aangestel is. Beurse word jaarliks geadverteer vir spesifieke studierigtings wat met die WKOD se behoeftes ooreenstem. Hierdie beurse dek die volle onderrigkoste. Bykomend tot die beurse, word daar ook vir EVK voorsiening gemaak ingevolge Resolusie No. 1 van 2012 van die Koördinerende Bedingingsraad vir die Staatsdiens(PSCBC), Resolusie No. 5 van 2014 van die Bedingingsraad vir die Algemene Staatsdienssektor (GPSSBC), en Omsendbrief HRD 3 van 2015 van die Departement van Staatsdiens en Administrasie, gedateer 14 Augustus 2015.

3. Hierdie minuut moet saamgelees word met die volgende: Resolusie No. 1 van 2012 van die PSCBC, Resolusie No. 5 van 2014 van die GPSSBC en Omsendbrief HRD 3 van 2015 van die Departement van Staatsdiens en Administrasie, gedateer 14 Augustus 2015.

4. Ingevolge Omsendbrief HRD 3 van 2015 van die Departement van Staatsdiens en Administrasie, gedateer 14 Augustus 2015, sal 'n werknemer wat van plan is om vir 'n kwalifikasie te registreer, en wat ná voltooiing van die kwalifikasie vir die kontantbonus in aanmerking wil kom, eers by die Hoof van die Departement toestemming moet verkry om vir sodanige kwalifikasie te registreer.

5. Ná voltooiing van die studies moet die volgende dokumente by die Direktoraat: Strategiese Mensbestuur ingedien word:
   - Goedkeuringsbrief van die WKOD om verdere studies voort te sit
   - Gewaarmerkte afskrif van werknemer se studierekords
   - Gewaarmerkte afskrif van die sertifikaat van die verbeterde kwalifikasie.

6. Die volgende proses is van toepassing:

6.1 Die Direkteur: Strategiese Mensbestuur sal alle versoeke waarna in paragraaf 4 hierbo verwys word, oorweeg. Versoeke sal deur beide die werknemer, wat van plan is om te studeer, asook die direkte bestuurder, op die EVK-aansoekvorm **(Bylae A)** voltooi word.

6.2 Elke versoek moet vergesel word van die kursusraamwerk van die beoogde kwalifikasie, die posbeskrywing van die werknemer en die koste van die kursus.

6.3 Die Direkteur: Strategiese Mensebestuur sal binne een maand vanaf die datum wanneer die versoek ingehandig is, skriftelik bevestig of die versoek goedgekeur is, al dan nie. Indien die versoek afgekeur word, sal redes daarvoor verstrek word.

7. ’n Werknemer wat ’n gedeeltelike of volle staatsbeurs vir die verwerwing van ’n verbeterde kwalifikasie ontvang, sal nie in aanmerking kom vir die eenmalige kontantbonus waarna in paragraaf 4 hierbo verwys word nie.

8. ’n Kontantbonus kan slegs vir een voltooide verbeterde kwalifikasie betaal word (kyk paragraaf 6.7 van Resolusie No. 5 van 2014 van die GPSSBC).

9. Die EVK-proses wat hierbo uiteengesit word, vervang egter nie die staatsdiensbeursskema van die WKOD nie. Hier is sprake van twee afsonderlike prosesse en amptenare kan slegs uit een van die twee voordeel trek; óf die staatsdiensbeursskema óf die EVK.

10. Die Direktoraat: Strategiese Mensbestuur sal slegs EVK-versoeke wat vooraf goedgekeur is, oorweeg.

11. Aansoeke om EVK sal vanaf 25 September tot 22 November 2024 aanvaar word. Aansoeke wat buite hierdie tydperk ontvang word, sal nie oorweeg word nie.

12. Enige navrae in hierdie verband kan aan me. Buyiswa Mpama gerig word by tel. 021 467 2550 of per e-pos aan Buyiswa.Mpama@westerncape.gov.za, of mnr. Asive Mtamzeli by tel. 021 829 0417 of per e-pos aan Asive.Mtamzeli@westerncape.gov.za.

13. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokkenes.

**GETEKEN:** LJ ELY
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE**
**DATUM:** 2024-09-18